VERDUIDELIKENDE VRAE EN ANTWOORDE OOR ONS KOMPETISIEREËLS

Hiermee 'n klompie vrae en 'n opmerking wat ons ontvang het van lede. Sommige vrae is herhalend omdat dit deur ander mense op ander maniere gestel was.

Vraag 1: Waarom word beoordeling volgens drie kategorieë, nl. Beginner, Intermediêr en Gevorderd gedoen.
Antwoord: *Die idee hiermee is om elke persoon die geleentheid te bied om tot sy volle potensiaal te ontwikkel deur teen ander op sy eie vlak mee te ding en daaruit te leer. Hopelik sal dit groter deelname aanmoedig, ongeag van elkeen se kundigheid as draaier. As indiwidue en klublede behoort dit ons strewe te wees om uit te styg teenoor jouself, ander verenigings en internasionale draaiers.*

Vraag 2: Beoordeling in drie kategorieë mag dalk baie werk verg. Sal dit nie miskien beter wees om dit te beperk tot slegs twee, nl. Beginner en Gevorderd (of Ope kategorie) nie?
Antwoord: *Ons wil juis hê almal op alle vlakke moet met vrymoedigheid kan deelneem. Dit is hoekom ons 2 kompetisies per jaar asook drie groeperings voorsgestel het om dit makliker te maak vir diegene soos beginners wat nog onseker is van hulself om wel deel te kan neem. Dit is die beste manier om te ontwikkel. Ons oorweeg selfs 'n Meestersklas vir diegene wat konsekwent goud verdien in die Gevorderde klas. Die aantal kategorieë sal geen invloed op die beoordelingsproses hê nie omdat alle stukke op 'n gelykwaardige vlak beoordeel word. As daar baie inskrywings is, sal ons die items vooraf inneem en tydsaam beoordeel. Dit is ons erns om goeie draaiwerk te bevorder.*

Vraag 3: Is twee beoordelingsessies per jaar nie te veel nie? Dit mag oordoen word en deelname ontmoedig veral gesien teen die agtergrond van lede se swak deelname jaarliks in die verlede.
Antwoord: *Ons wil juis die idee van deelname inskerp. Ander verenigings doen dit al vir baie jare met uitstekende gevolge. Die beginners sal hopelik veral eerder aan die eerste kompetisie deelneem waar dit nie so veel gaan oor 'n trofee nie.*

Vraag 4: Hoort gesegmenteerde werk, kleuring, gravering, brand, teksturering en ander vorms van versiering onder Afwerking?
Antwoord: *Hierdie aspekte is als deel van afwerking. Dit hoef nie noodwendig aanwesig te wees nie en afwerking kan bloot glad, grof of ander van die genoemde elemente behels.*

Segmentasie is deel van versiering en kan tot die voorkoms van 'n stuk bydra en punte sal daarvoor verdien word. Net soos met die ander dekoratiewe faktore kan dit egter ook afbreek doen, veral as donkerder gekleurde hout, lyne vorm wat die balans van 'n item versteur. Wat ons bedoel is dat daar nie punte toegeken word bloot omdat segmentasie gebruik is nie. 'n Gesegmenteerde item moet nog steeds aan al die norme van ontwerp voldoen en verdien nie vanselfsprekend 'n bonuspunt bloot omdat segmentasie gebruik is nie. Iemand wat segmentasie gedoen het, behoort nie meer punte daarvoor te verdien as iemand wat 'n ewe mooi draaistuk uit soliede hout gemaak het nie. Indien die segmentasiewerk egter bygedra het tot 'n beter/mooier eindproduk, dan sal die stuk bloot daarvoor meer punte verdien, maar nie omdat dit groter vaardigheid vereis omdat houtstukkies aanmekaar gelym is nie en sal nie punte verdien vir moeilikheidsgraad nie omdat die taak van segmentering nie aan draaiwerk verwant is nie.

Vraag 5: Houtsneewerk en beeldhouwerk is nie deel van ons missie nie, maar wat as die tegnieke die gedraaide stuk se voorkoms verbeter? **En:** Die stelling word gemaak dat net aspekte wat hoofsaaklik verband hou met draaiwerk beoordeel sal word en dat nie-verwante aspekte soos houtsneewerk en beeldhouwerk nie in ag geneem sal word nie. Waar pas ander vorms van versiering dan in?
Antwoord: Wat ons hierna verwys is die geval waar 'n deelnemer tydens die vorige kompetisie twee items ingeskryf het wat bestaan het uit 'n uitgekerfde hand wat 'n eier vashou. Al was dit in geheel 'n knap stukkie werk, was die enkele eiers in die beeldhouwerkie al wat beoordeel kon word. Indien die houtsneewerk, beeldhouwerk en ander vorms van versiering die voorkoms van die draaistuk verbeter, sal dit ongetwyfeld in ag geneem word onder Estetiese Voorkoms.

Vraag 6: Behoort dit onder kuns en tegnies in ag geneem te word indien ek 'n gedeelte van 'n draaistuk tekstureer om die aangesig daarvan te verbeter? Daarsonder mag die stuk oninteressant en relatief "waardeloos" wees. Wanneer die draaistuk egter net nog 'n oppervlak word waarop die persoon sy vermoë van teksturering ten toon stel, is dit dan nog 'n draaistuk volgens ons definisie, of nie?
***Antwoord:** Dit is wat ons bedoel as ons sê dat sekere ontwerpselemente en dekorasies kan bydra tot die mooi/interressantheid/afronding van 'n item, maar dat dit ook afbreek kan doen indien dit nie knap aangewend word nie, nie 'n bydraende doel dien nie, of oordadig lyk. Let egter daarop dat sommige van die mooiste items dikwels geen dekoratiewe elemente hoegenaamd bevat nie, maar weens die uitsonderlike mooi vorm daarvan steeds baie hoë punte kan verdien. Ingewikkelde dekorasies is dus nie altyd 'n vereiste nie. Soms praat die hout en grein baie duideliker as aangeplakte dekorasies. Dekorasies sal ook nie die knoop kan deurhaak indien die draaistuk self ook nie aan die vereistes voldoen nie.*

Vraag 7: Wat word bedoel met "die doel en funksie van 'n item sal by beoordeling in ag geneem word"?
Antwoord: Daar sal byv. nie punte afgetrek word van 'n funksionele item soos 'n slaaibak omdat die voetstuk wyer is as wat van 'n meer grasieuse kunsstuk verwag word nie.

Vraag 8: Vakmanskap (vaardigheid) dui aan hoe goed ek 'n ding doen en moeilikheidsgraad hoe kompleks en moeilik die tegniek is?
A***ntwoord:** Presies. Die twee staan los van mekaar want 'n uitstekende vakman kan 'n pragtige stuk maak al is dit heel eenvoudig om dit te doen. Aan die ander kant kan 'n swak vakman nie 'n pragtige stuk maak wat bokant sy vermoë lê soos byv 'n papierdun holvorm nie.*

Vraag 9: Dit is jammer dat ons nie 'n beter beskrywing vir "afwerking" het nie, wat eintlik uit twee komponente bestaan. In die konteks in die evaluasievorm gaan dit oor "finale afwerking" (skuurwerk en later). "Inisiële afwerking" of "vooraf afwerking"(by gebrek aan 'n beter woord) het te make met beitelmerke, skeuring, ens.
***Antwoord:** Beitelmerke en skeuring val onder vakmanskap, of te wel dan vaardigheid wat dalk 'n beter woord is as vakmanskap.*

Vraag 10: Hoe kan ons 'n leidende vereniging in die land wees indien nuwe innoverende werk nie aangemoedig word met beoordeling nie? Die nuwe kompetisiereël blyk tot die bevoordeling van outydse "rond en bruin" items te wees en dat verdere verwerking van die draaistuk soos die algemene tendens wêreldwyd is, nie die regmatige aandag verdien nie.
Antwoord:** Ons wil graag sien dat ons uitstyg bo andere en **wil beslis nie nuwe neigings

***onderdruk nie**. Daar bestaan wel 'n tendens na nuwe ontwikkelinge onder sommige groepe, veral oorsee, maar vele van ons lede en talle ander wêreldwyd is nog besig om "rond en bruin" behoorlik onder die knie te kry. Van die nuwerwetse draaiers trek wel aandag vanweë die andersheid van hul werk. In baie sulke gevalle is mense kunstenaars in hul eie reg en gebruik hulle dikwels bloot draaiwerk as 'n medium vir ander kunsvaardighede. Van die beroemdste draaiers ooit is egter mense wat steeds konsentreer op vorm en feitlik geen versiering toepas nie, soos byv oorlede Bert Marsh, Ray Key, John Jordan en vele ander.*

Ten spyte hiervan, sê ons nie dat verdere verwerking van draaistukke nie die nodige erkenning sal geniet nie en ons wil dit juis aanmoedig. Dit moet egter die draaikuns ter ere strek en iemand wat byv segmentasie doen, moet dit so doen dat die produk steeds aan aanvaarbare norme voldoen. Dieselfde kan gesê word van ander moderne neigings. Daar is byv. mense wat draaiwerk bloot gebruik om hul skildervaardighede uit te leef. Voorbeelde hiervan is Carole Floate en David Marks. In baie sulke gevalle kan selfs 'n skoolseun die draaiwerk doen wat as "doek" vir die "skilder" dien, want hy/sy is nie in hart en siel 'n draaier nie. Dit is sekerlik pragtige kunswerke, maar waar kom die draaivaardigheid in? Draaiwerk is dan bloot 'n middel tot 'n doel wat dikwels skilderwerk behels. In baie gevalle gaan die karakter van die hout totaal verlore en pragtige grein van ons mooi houtsoorte word deur 'n laag verf bedek sodat die produk net sowel van plastiek, porselein of glas gemaak kon gewees het. Al is dit soms pragtige kunswerke in hul eie reg, is dit nogtans strydig met die idee van houtkuns en word skaars met draaiwerk vereenselwig.

***Nuwe werk is sterk aan te bevele**, maar dit sal 'n groot fout wees om bloot Rond en Bruin af te kraak as uit die oude doos omdat daar 'n neiging bestaan vir verdere verwerking van draaistukke. Hout en veral inheemse hout is 'n wonderlike medium, 'n eertydse lewende wese wat soms eeue se storms en wind getrotseer het. 'n Passievolle houtliefhebber sal dalk eerder wil probeer om hierdie karaktereienskappe van hout bloot te lê, knoetse en al. Dit is wat hout ons bied wat ander materiaal nie kan nie, veral wat ons inheemse hout betref. Baie uitheemse hout beskik nie oor sulke uitsonderlike eienskappe nie en is maar eentonig en vaal. Vandaar seker die neiging van veral oorsese draaiers om op die een of ander manier hulle skeppings op te kikker.*

Vraag 11: Dit word duidelik gestel op die evaluasievorm onder die opskrif Vakmanskap dat slegs draaiwerk beoordeel sal word, nie aanverwante aksies soos bv. laminering nie." Wat word hiermee bedoel?
***Antwoord:** Soos reeds genoem onder Vraag 4, sal mens nie bloot omdat laminering/segmentasie gebruik is, noodwendig as vanselfsprekend 'n bonuspunt verdien wat **Vakmanskap** of **Moeilikheidsgraad** betref nie. Indien dit bydra tot die mooi voorkoms van die item, sal dit egter **wel punte verdien onder Estetiese Voorkoms**. Dikwels word die klem egter op die segmentasie aspek geplaas en word die vorm ingeboet.*

Vraag 12: Onder Moeilikheidsgraad word genoem dat slegs draaiwerk beoordeel sal word, nie aanverwante beeldhouwerk of houtsneewerk nie. Hiermee sal sekere vorige wenners van die Phil Irons trofee uitgeskakel word.
***Antwoord:** Sien verduideliking hiervan onder Vraag 5. Daar blyk 'n misverstand hieroor te wees. As die houtsneewerk baie geslaagd is, sal daar wel punte verdien word onder **Estetiese Voorkoms**. As dit gaan oor byv. Houtsneewerk, kan die persoon nie 'n punt daarvoor kry onder Moeilikheidsgraad vir draaiwerk nie. Houtsneewerk is 'n afsonderlike vaardigheid wat wel waarde kan toevoeg tot die eindproduk. Waar daar geen draaiwerk meer sigbaar is nie, kan*

mens wel aflei of dit moeilik of maklik was om dit te draai.

Vraag 13: Behoort Kunssinnige en Tegniese Vakmanskap nie eerder in die verhouding 30% en 70% te wees nie? Dit sou die persoonlike voorkeur fratse van beoordelaars beperk!! ***Antwoord:*** *Beoordelaars moet gekalibreer wees en nie hulle persoonlike voorkeure afdruk op die ander nie. Dit is waarom daar meer as een beoordelaar moet wees en hulle moet almal oor die punt wat toegeken word ooreenkom. Hulle moet hul oordeel goed kan motiveer by die ander.*

Kunssinnige vakmanskap is die hoofsaak waaroor feitlik alles gaan. 'n Persoon wat nie so besonder bedrewe met 'n beitel is nie, maar 'n goeie kunsaanvoeling het, kan dikwels 'n mooier stuk produseer as iemand wat baie vlytig is met 'n beitel maar geen aanvoeling vir vorm het nie. Ons almal wil egter graag iets maak wat baie mooi is en ander mense se asems wegslaan. Dit is tog die hoofdoel waarom ons draai. Vir hierdie rede is ons daarmee eens dat die punt vir kunssinnigheid beslis nie verlaag kan word nie.

Vraag 14: Is ons voorneme om innoverende werk onder Kunssinnige Vaardigheid aan te slaan nie teenstrydig met ons kriteriums nie?.
Antwoord*: Nee, ons wil juis innoverende denke aanmoedig en geleentheid skep om punte daarvoor te verdien. As jy iets besonders en anders maak as die gewone, sal jy wel punte daarvoor kry op voorwaarde dat dit nie 'n terugwaartse stap is wat die mooi van jou item benadeel nie. Daar is ook die gedagte uitgespreek deur een van ons lede dat 'n punt afsonderlik vir innovasie toegeken kan word deur dit as 'n afsonderlike kriterium onder Kunssinnige Vaardigheid aan te slaan. Dit sal beoordelaars dwing om hierdie aspek aan te slaan. Die probleem om bloot by stek 'n punt hiervoor toe te ken is omstrede want sodoende kan iemand punte verdien bloot omdat iets anders is, maak nie saak of dit positief of negatief is nie. In so 'n geval kan iemand wat iets "anders" maak, 'n hoër punt verdien as vir 'n ewe mooi of selfs mooier konvensionele ontwerp. Dit is onregverdig. Die innovasie moet dus 'n bydraende rol speel in die waardebepaling van 'n stuk.*

Indien die innovasie moeiliker ***draaiwerk*** *vereis, kan dit ook die punt vir vaardigheid en/of moeilikheidsgraad verhoog. Indien dit egter nie moeiliker draaiwerk vereis nie, kan dit nietemin 'n hoër punt verdien vir kunssinnigheid indien geregverdigd.*

Kommentaar 15: "Tegniese Vaardighede sluit in al die aspekte wat te make het met die werklike vervaardiging van die item, en vervat Algemene Draaivakmanskap teen 25%, Afwerking teen 20% en Moeilikheidsgraad teen 15%." Dit kan beslis nie al die aspekte insluit nie.

Antwoord: *Nee, dis 'n misverstand. Alle aspekte wat teenwoordig en meetbaar is, kan onder een van hierdie katogorieë ingedeel word. Wat ons gelys het is maar net tipiese voorbeelde en dek beslis nie alle aspekte nie. Ons wil die evaluasieproses en vorm so eenvoudig as moontlik hou.*

Johan Labuschagne